AGENDA

16TH MEETING OF THE COUNCIL OF STELLENBOSCH MUNICIPALITY

2023-08-23

ITEM/S UNDER SEPARATE COVER

13.5 REPORT ON FRANSCHHOEK JEUGONTWIKKELINGSTRUST

Collaborator No:

IDP KPA Ref No: Good Governance and Compliance

Meeting Date: 23 August 2023

1. SUBJECT: REPORT ON FRANSCHHOEK JEUGONTWIKKELINGSTRUST

2. PURPOSE

For Council to consider further action in the matter.

3. DELEGATED AUTHORITY

Council.

4. EXECUTIVE SUMMARY

Erf 580 was donated to the "Voortrekkerbeweging van Suid Afrika, Franschhoek Kommando", however, the fall-back clause was activated during 2001. The "Voortrekkerbeweging" agreed to give the erf back on conditions. One of the conditions was that a Youth Trust be establishment. Subsequently, the Franschhoek Jeugontwikkelingstrust was established on 19 June 2002. The then Councillor, Andricus van der Westhuizen, was appointed to act on behalf of the Municipality when the Trust was registered.

Further to this, the fall-back clause is applicable should the Trust not perform it's role as per the Trust provisions. The Trust has ostensibly not been operational for time now.

During 2011 the provision of the Trust was changed as it relates to the fall-back clause, which effectively removed the Municipality as the beneficiary of the fall-back clause.

5. **RECOMMENDATIONS**

- (a) that Council takes note of the report; and
- (b) that Council takes note of advice received and approve the application to obtain a declaratory order to set aside the amendment to the Trust Deed.

6. DISCUSSION / CONTENTS

6.1 Background

Stellenbosch Municipality donated Erf 580 to the Voortrekkerbeweging van Suid Afrika, Franschhoek Kommando. There was a fall-back clause attached to the donation. During 2001 the Voortrekkerbeweging decided to give the property back to the Municipality (**ANNEXURE 1**).

The Voortrekkerbeweging agreed to give the erf back on the condition that:

- a youth development trust be established;
- an amount of R500 000 be donated to the Jeugontwikkelingstrust; and
- a further R100 be donated inter vivos until the registration, whereafter it will also become part of the Trust fund.

Subsequent to the above, Stellenbosch Municipality established the Franschhoek Jeugontwikkeling Trust (**ANNEXURE 2**). The then Councillor, Andricus van der Westhuizen, was appointed to represent the Municipality when the Trust was

AGENDA

16TH MEETING OF THE COUNCIL OF STELLENBOSCH MUNICIPALITY

2023-08-23

registered. It should be noted that Mr van der Westhuizen was a Councillor at the then Franschhoek Municipality prior to serving on Council at this Municipality from 2000 until 2009.

The purpose of the Trust was for the operation of a youth centre for the youth of Franschhoek. The assets of the Trust should have been used for the Trusts' purpose.

During 2011, Mr van der Westhuizen, together with the other Trustees changed the Trust provisions to provide full authority to the Trustees to deal with the assets of the Trust as they see fit. (ANNEXURE 3). Amongst the changes made was the fall-back clause resulting in the removal of the Municipality the beneficiary. The Administration can find no Council resolution in which Council agreed to the changes or where Mr van der Westhuizen was authorised to act on behalf of the Municipality to affect the changes.

6.2 <u>Discussion</u>

The Municipality became aware of the fact that the erf was not transferred back to the Municipality and of the changes made to the Trust Deed, when a dispute arose regarding the access road to the Franschhoek cemetery. One of the alternative access routes was suggested over Erf 580.

A letter was addressed to Mr van der Westhuizen to provide proof of the council resolution (**ANNEXURE 4**). Mr Van der Westhuizen send a letter to the Municipal Manager dated 9 November 2022 attached as **ANNEXURE 5**.

After consultation with the Executive Mayor, it was decided to appoint Attorneys to provide advice on the options. The Municipality was advised to apply for a declaratory order setting aside the amendments to the Trust Deed and review the decision of the Master to register such deed.

We were advised that on the assumption that Mr van der Westhuizen did not require a resolution from the Board of Trustees, the amendments effected by the Trustees are contrary to the express purpose of the Trust and probably also invalid as Mr van der Westhuizen was acting as a nominee of the Municipality contrary to the interests of the Municipality who is the actual founder of the Trust.

Further to this, the fall-back clause is applicable should the Trust not perform it's role as per the Trust provisions. The Trust has ostensibly not been operational for some time now.

Another aspect to be considered is whether he (Mr van der Westhuizen) could, despite the provisions of the Trust Deed, still remain a Trustee and consequently act as a nominee of the Municipality when he was no longer a Councillor or affiliated with the Municipality.

Erf 580 was consolidated to form erf 1696. The deed search indicate a price of R3 2000 000, but it is unclear if that money was paid to anybody and to whom if it was. The Voortrekkers agreed to give the erf (580) back to the municipality in lieu of a payment of R500 000 to the jeugontwikkelingstrust. Erf 1696 (the consolidated erf) was then sub divided again in erf 2760 and 2759. Erf 2759 was sold in 20024 for R7 185 000. Erf 2759 was subdivided into four (4 erven) namely erven 2851; 2852; 2853; 2854 on which there are currently houses and it is registered in the names of the home owners. Deed search information and location indication is attached as **APPENDIX 7**.

6.9 <u>Financial Implications</u>

One of the Attorneys on the Legal Tender was appointed to provide advice regarding the decision changes to the Trust Deed of the Jeugontwikkelingstrust and the fact that

AGENDA

16TH MEETING OF THE COUNCIL OF STELLENBOSCH MUNICIPALITY

2023-08-23

Erf 580 was not transferred back to the Municipality. The Attorneys have been mandated to bring a declaratory order in the high court to set the changes made to the trust Deed.

6.4 Legal Implications

The recommendations in this report comply with Council's policies and all applicable legislation.

6.5 **Staff Implications**

This report has no additional staff implications to the Municipality.

6.6 <u>Previous / Relevant Council Resolutions</u>

Resolutions of the Franschhoek Municipality that amalgamated with Stellenbosch Municipality on 1 December 2000 was closed in terms of the Archives Act. (ANNEXURE 6).

6.7 Risk Implications

The risk is that the Jeugontwikkelingstrust has made decisions without reporting it to Council.

ANNEXURES

ANNEXURE 1: Copy of the Memorandum of Agreement: Fall-back of Erf 580

Franschhoek

ANNEXURE 2: Copy of the Trust Deed


ANNEXURE 3: Copy of the Amendment Deed
ANNEXURE 4: Letter to Mr van der Westhuizen
ANNEXURE 5: Letter from Mr van der Westhuizen

ANNEXURE 6: Beskikking Records Franschhoek Munisipaliteit

ANNEXURE 7: Deed search information on erf 580 and subsequent erven

FOR FURTHER DETAILS CONTACT:

| NAME | Annalene de Beer |
|-----------------|--------------------------------------|
| POSITION | Director |
| DIRECTORATE | Corporate Services |
| CONTACT NUMBERS | 021 808 8018 |
| E-MAIL ADDRESS | Annalene.deBeer@stellenobsoch.gov.za |
| REPORT DATE | 11 August 2023 |



DIE FRANSCHHOEK JEUGONTWIKKELINGSTRUST

SY DIT HIERMEE KENNELIK:

DAT op hede 19 JUNIE 2002

persoonlik voor my, notaris: John McNaught Davis

W W MEESTER



deur wettige gesag behoorlik ingesweer en toegelaat, praktiserende te: Lourensfortweg 10, Somerset-Wes in die Provinsie Wes-Kaap, gekom en verskyn het:

Lesley Anne Matthews

per skriftelike volmagte behoorlik daartoe gemagtig deur:

ANDRICUS PIETER VAN DER WESTHUIZEN

in sy hoedanigheid as afgevaardigde van die Stellenbosch Munisipaliteit (hierna "die oprigter" genoem, en ook agerende as trustee)

asook deur:

GIDEON JOZUA ROUX

in sy hoedanigheid as afgevaardigde van die Roubaix Voortrekkers Franschhoek
Kommando
(as trustee)

en ook

CHRISTIAAN JOHANNES CRAUSE

in sy hoedanigheid as afgevaardigde van die Nederduits Gereformeerde Gemeente Franschhoek

(as voorsittende trustee)

welke volmagte geteken te Stellenbosch op 15 Mei 2002 geliaseer is in my protokol

m.

my my

en die oprigter het verklaar dat nademaal daar ooreengekom is, as deel van 'n grondbeskikbaarheidstransaksie, om 'n trust te skep vir die doeleindes en op die terme en voorwaardes hierna uiteengesit, die besit en beheer oor die bates daarvan, om oor te gaan op die trustees hierbo genoem.

DERHALWE ter uitvoering van die gesegde ooreenkoms, onderneem die oprigter hiermee om aan die trustees oor te dra op datum van registrasie van Erf 580 Franschhoek in die naam van die Stellenbosch Munisipaliteit, 'n bedrag van R500 000-00 (vyfhonderd duisend Rand), hierna die "trustfonds genoem" om dit en die voordele, ontvangstes, wins en rente daarop in trust te belê, en om dit en die rente wat toeval in trust te hou en daarmee te handel vir die oogmerk hierna beskryf, onderworpe aan die bepalings en voorwaardes hieronder. In die interim en as 'n aanvanklike skenking skenk die Oprigter hiermee die bedrag van R100-00 (eenhonderd rand) aan die trustees as 'n skenking inter vivos. Gemelde skenking sal deel van die "trustfonds" uitmaak.

1. Woordomskrywings

In hierdie akte tensy dit in die samehang anders blyk het die volgende uitdrukkings die volgende betekenis:

- 1.1 Woorde wat die enkelvoud aandui sluit ook die meervoud in en omgekeerd, en woorde wat die manlike geslag aandui, sluit ook die vroulike geslag in en omgekeerd;
- "die bates", "die trustbates", "die trust", "die kapitaal", "die trustfonds",

 "die trustkapitaal" en "die Franschhoek Jeugontwikkelingstrust" is

 omruilbaar en beteken en sluit in:
 - 1.2.1 alle ander bates en beleggings wat te eniger tyd of ten tyde hierna gesedeer of oorgedra word aan en aanvaar word deur die trustees as byvoeging of aanwassing by die bates wat hiermee oorgedra word, hetsy deur die oprigter of deur enige ander persoon en ôf inter vivos ôf by wyse van 'n testament.

W W www

- 1.2.2 die bates en beleggings wat te eniger tyd die voormelde bates en beleggings of enige van hulle verteenwoordig, of enige deel daarvan onderskeidelik, of enige onderverdeling daarvan wat teweeggebring word deur die toepassing van enige van die bepalings van hierdie akte;
- 1.3 "die trustees" beteken en sluit in al die oorspronklike trustees of enige persone toegevoeg deur of vervangend van die oorspronklike trustees;
- 1.4 Die opskrifte en kantlynopskrifte in hierdie dokument word slegs gerieflikheidshalwe gebruik en sal verontagsaam word wanneer hierdie dokument geïnterpreteer word.

2. Naam van trust

Die trust sal bekend staan as die Franschhoek Jeugontwikkelingstrust.

3. Hoofoogmerke

Die oogmerk van die trust is die oprigting en bedryf van 'n jeugsentrum vir en tot voordeel van die jeug van Franschhoek, met die kapitaal en inkomste van die bates van die Trust, op 'n wyse soos van tyd tot tyd deur die trustees bepaal en vir die doeleindes van jeugontwikkeling of sodanige verdere doeleindes binne die algemene oogmerke van hierdie trust as wat die trustees na hulle algehele goeddunke dienstig mag ag.

4. Beheer

Al die trust se sake en aangeleenthede word beheer deur die trustees wat volle bevoegdheid het om die oogmerke van die trust soos hierna bepaal uit te voer en wat die trustfonds in trust hou vir die aanwending van die inkomste en/of kapitaal ter bevordering van sodanige oogmerke.



m m

5. Trustees

Die trust word geadministreer en bestuur deur 'n raad van minstens drie trustees synde die trustees wat partye tot hierdie akte is en enige addisionele trustee en/of trustees wat van tyd tot tyd deur die diensdoenende trustees as sodanig aangestel word.

Trustees word hiermee aangestel onderworpe aan die volgende bepalings en voorwaardes:

- 5.1 Geen vergoeding hoegenaamd, behalwe vir noodsaaklike klein uitgawes, is aan die trustees betaalbaar vir hulle dienste verskaf ingevolge hierdie akte nie, welke dienste as liefdadigheidsdienste aan die kant van die trustees beskou word;
- 5.2 In geval van die dood of bedanking van enige trustee, is die organisasie wat daardie trustee benoem het verantwoordelik vir die nominasie van 'n vervangende trustee, maar sou hulle nalaat om dit binne drie maande te doen dan is die oorblywende trustees verantwoordelik vir die nominasie van 'n geskikte plaasvervanger;

6. Trustees se bevoegdhede

Die raad van trustees het 'n algemene beheer oor die trustbates en moet daarna streef om die doelstellings waarvoor die trust ingestel is, na te kom. Die trustees het alle bevoegdhede wat nodig is om hulle in staat te stel om die trust te administreer, en het, sonder inkorting van hulle algemene bevoegdhede op enige wyse, ook die volgende bevoegdhede:

Om die kapitaalbedrag, asook die inkomste uit die trust wat nie onmiddellik vir die doeleindes van die trust benodig word nie, na goeddunke te belê en om enige sekerheidstelling, bates, beleggings en eiendom van tyd tot tyd en op die tye wat hulle na hulle uitsluitlike



goeddunke bepaal of in die beste belang van die trust ag, te realiseer, te wysig of te omskep;

- 6.2 Roerende of onroerende eiendom of enige reg daarin koop, verkoop, skenk, ruil, huur, verhuur of andersins te bekom of vervreem en enige eiendom of bates van die trust of welke wyse hulle dienstig ag verbeter en ontwikkel;
- Om trustfondse te gebruik vir die onderhoud, oprigting, verbetering, verandering, betaling van munisipale en ander belastings, versekeringspremies en ander kostes met betrekking tot enige onroerende eiendom;
- 6.4 Om alle uitgawes aangegaan in verband met die administrasie van die trust te betaal;
- 6.5 Om enige persoon in diens te neem om enige van die doelstellings van die trust te vervul, te bestuur of by te staan met die bestuur en om so 'n werknemer te besoldig uit fondse deur die trust geadministreer, insluitende reiskoste en ander uitgawes wat noodwendig deur so 'n werknemer aangegaan word;
- Om 'n agent aan te stel om hulle vir enige spesifieke doel te verteenwoordig, insluitende die bevoegdheid om rekenmeesters, prokureurs, advokate en ander professionele persone in diens te neem vir enige spesifieke doel en om sodanige persone teen die gewone professionele of saketariewe te besoldig;
- Om aksie in 'n hof in te stel vir die verhaal van enige bedrae verskuldig aan die trust of om die nakoming van verpligtinge in sy guns af te dwing en om enige geding wat teen die trust ingestel mag word, te verdedig;



W W W

- 6.8 Om uitstel te verleen vir die betaling van skulde aan die trust en om na eie goeddunke skikkings namens die trust aan te gaan;
- 6.9 Om skenkings en bemakings van die oprigter of ander persone ten gunste van die trust te aanvaar en te administreer, onderworpe aan die bepalings hiervan en ook onderworpe aan die voorwaardes wat deur die opriger of ander persone opgelê word, met dien verstande dat sodanige voorwaardes nie strydig met die bepalings van die trust mag wees nie;
- 6.10 Om enige toerusting wat nodig is vir die bevordering van die doelstellings van die trust te koop of andersins te bekom;
- 6.11 Om enige bank- en bouverenigingrekenings te open en te beheer en om promesses, wissels en ander verhandelbare stukke te trek, te aksepteer of te gee;
- 6.12 Om sodanige verdere bevoegdhede as wat hulle na hulle uitsluitlike goeddunke nodig ag om die doelstellings van die trust uit te voer, uit te oefen of te laat uitoefen;
- 6.13 Om in die algemeen al sodanige ander handelinge te verrig as wat dienstig mag wees om die belange van die trust te bevorder of wat bykomstig is tot of bevorderlik is vir die bevordering van bovermelde oogmerke.

7. Notule en rekeninge

Die raad van trustees moet notule hou van al sy vergaderings en 'n behoorlike stel rekeningboeke byhou ten opsigte van al sy transaksies, welke rekeningboeke jaarliks nagesien moet word deur 'n boekhouer, aangestel deur die raad. Sodanige aanstelling mag na goeddunke van die trustees van tyd tot tyd gewysig word. Die boekhouer moet te alle tye toegang hê tot sodanige notules en tot alle kwitansies en rekords en tot die eiendom van die trust. 'n

W W

Jaarlikse balanstaat en inkomste- en uitgawestaat moet voorberei en as juis en korrek deur die trustees en die boekhouer gesertifiseer word. Sodanige balansstaat en inkomste- en uitgawestaat moet op die algemene jaarvergadering van die raad ter tafel gelê word en 'n afskrif daarvan moet aan die Meester van die Hooggeregshof voorgelê word.

8. Vergaderings

Die Raad van Trustees sal jaarliks 'n algemene jaarvergadering en soveel gewone vergaderings gedurende die jaar hou as wat nodig geag word om die sake van die trust af te handel. In die besonder:

- 8.1 Die algemene jaarvergadering van die raad word jaarliks gedurende die maand van Maart gehou om die balansstaat en finansiële state van die sake van die trust te oorweeg;
- 8.2 Gewone vergaderings word, so dikwels as wat nodig geag word, gehou om die sake van die trust in ooreenstemming met die doelstellings waarvoor die trust opgerig is, af te handel. 'n Meerderheidsbeslissing van die trustees is finaal en bindend op die trustees;
- 8.3 Ingeval 'n trustee onvermydelik van 'n vergadering van die raad afwesig moet wees, is hy daarop geregtig om 'n gevolmagtigde skriftelik te mandateer om namens die afwesige trustee in te sit, mee te doen en te stem in ooreenstemming met sodanige trustee se wense.

9. Toevoegings tot, veranderings en wysigings aan trustake

Die raad van trustees het die reg om, met konsensus die trustakte te wysig deur bepalings by die trustakte te voeg of te skrap en om dit te verander met dien verstande altyd dat sodanige verandering, toevoeging of wysiging nie enige herroeping van die trust of sy bepalings mag uitmaak nie, en met dien verstande dat die kapitaal / inkomste van die trust altyd vir die doeleindes en



oogmerke van die trust soos in klousule 2 hiervan uiteengesit, aangewend moet word.

10. Verdere bewilligings

Die oprigter kan te eniger tyd hierna deur skriftelike verklaring die bates van die trustfonds aanvul deur enige sekuriteite of ander bates wat tot tyd en wyl verbonde is aan sodanige verklaring in behoorlike vorm aan die die trustees te lewer. By ontvangs deur die trustees van sodanige verklarings en na behoorlike lewering aan hulle van sodanige aanvullende bates, word sodanige sekuriteite of bates deel van die trust gehou onderworpe aan die voorwaardes van hierdie trustakte, en die trustees moet stappe doen in die mate wat nodig mag wees om sodanige verklaring in die vorm van notariële akte in die akteskantoor by Kaapstad en waar ook al elders hulle nodig mag ag, te laat registreer.

11. Bevoegdheid om toegevoegde skenkings te ontvang

Die trustees word hiermee gemagtig om vir die doel van die trust geskenke, erflatings of betalings van enige persoon, firma of maatskappy wat aan hulle gegee, bemaak of betaal word as 'n toevoeging tot of met die bedoeling om tot die trust hierdeur geskep, toe te voeg, te ontvang en te bekom, hetsy enige sodanige toevoeging uit effekte, aandele, geld, roerende of onroerende eiendom bestaan, en enige toevoeging as sulks aanvaar en bekom, word geag deel van die trustfonds te vorm en moet geadministreer word en mee gehandel word onderworpe aan die bepalings van hierdie trustakte. Enige toevoegings so deur die trustees ontvang mag deur die trustees in die vorm waarin hulle dit ontvang behou word en sodanige behoud is afdoende voldoening aan die bevoegdheid om te belê wat hierin vervat is.

12. Duur van die trust

Hierdie trust bly van volle krag en effek vir so lank as wat die trustees akkoord gaan dat die doel waarvoor dit geskep is, bereik word. Indien die trustees egter

eenparig, na hulle algehele goeddunke besluit dat die doel waarvoor die trust geskep was nie ten volle bereik word nie, het hulle die reg om hierdie trust onmiddellik te beëindig, om sy sake te likwideer en om die balans van die bates van die trust oor te maak aan die Munisipaliteit Stellenbosch of sy opvolgers in titel.

13. Registrasie van trustakte

Die trustees onderneem om hierdie trustakte en enige wysiging daarvan of byvoegsel daartoe by die Meester van die Hooggeregshof van Suid-Afrika te registreer ingevolge die Wet op die Beheer oor Trustgoed 1988, en die trustees is daarop geregtig om die koste van en wat in verband staan met die voorbereiding en registrasie van hierdie akte asook verder benodigde aktes, uit trustinkomste te betaal, en indien nodig, uit die kapitaal van die trustbates.

14. Uitleg van akte en arbitrasie

Hierdie akte word uitgelê in terme van Suid-Afrikaanse reg. Enige geskil tussen die trustees of tussen die partye wat hulle genomineer het en wat op hierdie trust betrekking het, sal ten eerste aan mediasie onderwerp word gereël deur die Arbitrasiestigting van Suider-Afrika (AFSA). Indien die geskil nie só bygelê word binne 30 dae nie, kan enige party skriftelik versoek dat dit finaal besleg word by wyse van arbitrasie kragtens die reëls van AFSA, deur 'n enkele arbiter aangestel deur AFSA vanuit sy Wes-Kaapse paneel.

15. Aanvaardingsklousule

EN die verskyners het onderskeidelik verklaar dat:

15.1 Die oprigter onherroeplik verbind is deur die bepalings en voorwaardes in hierdie akte uiteengesit;



W M W W 15.2 Die trustees hiermee hulle aanstelings as trustees aanvaar op die bepalings en voorwaardes in hierdie akte uiteengesit.

16. Afstanddoening van sekerheidstelling

Daar word van geen oorspronklike of later aangestelde of toegevoegde Trustee ingevolge bogenoemde bepalings verwag om sekerheid te stel aan die Meester van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of enige ander amptenaar ingevolge die Wet op die Beheer van Trustgoed 57 van 1988, of enige ander wetgewing wat nou bestaan of wat hierna in werking mag tree nie, die doel synde dat daar van niemand wat te eniger tyd 'n Trustee ingevolge hierdie akte is, vereis moet word om sekerheid te stel in verband met of na aanleiding van sy aanstelling as sodanig nie.

ALDUS GEDOEN EN VERLY deur die verskyners op die voormelde datum te SomeRSET- WES... voor my, die notaris, en in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies.

AS GETUIES:

1.

MATILEZE VENTER

2. COMMISSIONER OF OATHS/KOMMISSARIS VAN EDE PRACTISING ATTORNEY/PRAKTISERENDE PROKUREUR 10 LOURENSFORD ROAD SOMERSET WEST 7130

Manus

namens

STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

AS GETUIES:

1.

MATILEZE VENTER

2. COMMISSIONER OF OATHS/KOMMISSARIS VAN EDE PRACTISING ATTORNEY/PRAKTISERENDE PROKUREUR 10 LOURENSFORD ROAD SOMERSET WEST 7130

Mariero

namens ROUBAIX VOORTREKKERS AS GETUIES:

1.


MATILEZE VENTER

COMMISSIONER OF OATHS/KOMMISSARIS VAN EDE 2. PRACTISING ATTORNEY/PRAKTISERENDE PROKUREUR 10 LOURENSFORD ROAD SOMERSET WEST 7130

namens N.G. KERK

KVO001 - Trustakte Voortrekkers - Erf 580 Bloekombosch

QUOD ATTESTER.



MEMORANDUM VAN OOREENKOMS

BEREIK TUSSEN

STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

EN DIE

FRANSCHHOEK VOORTREKKERKOMMANDO

M. B. T. DIE TERUGVAL VAN EIENAARSKAP VAN

ERF 580 FRANSCHHOEK (DIE BLOEKOMBOSCH)

AAN DIE

MUNISIPALITEIT

EN DIE BESKIKBAARSTEL VAN GERIEWE DEUR

DIE MUNISIPALITEIT

AAN DIE

VOORTREKKERS

IN RUIL DAARVOOR

DR. STEENKAMP & GENOTE PROKUREURS

 \mathbf{x}

A John &

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS

met betekking tot die

TERUGVAL VAN ERF 580 FRANSCHHOEK

bereik deur en tussen

DIE STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

hierin verteenwoordig deur Aug:

JACOBUS PETRUS RETIEF

in sy hoedanigheid as Waarnemende Munisipale Bestuurder Stellenbosch Munisipaliteit, behoorlik daartoe gemagtig (hierna genoem die "ONTVANGER")

en die

VOORTREKKERBEWEGING VAN SUID-AFRIKA, FRANSCHHOEK KOMMANDO

hierin verteenwoordig deur JAN GERHARDUS PALM, LOUIS HOSEA VAN DEN BERG EN MARITA NEL

(hierna genoem die "AFGEWER"), behoorlik daartoe gemagtig

AANGESIEN:

A. Die Munisipaliteit van Franschhoek op 30 November 2000 'n ooreenkoms gesluit het vir die ontwikkeling van die eiendom bekend as die Bloekombosch, voortspruitend uit besluite geneem deur die gemeenskap soos vervat in die Franschhoek Sosiale Akkoord van 16 Februarie 1998, wat deur die Voortrekkers ondersteun word;

B. Die bestaande Voortrekkerkamp geleë op Erf 580 'n integrale deel van die Bloekombosch vorm;

C. Die Voortrekkers Erf 580 op voordelige terme van die Munispaliteit ontvang het, met voorbehoud dat dit slegs aan die Munisipaliteit vervreem mag word, en die Voortrekkers nou bereid is om hierdie eiendom te laat terugval op die Munisipaliteit ter uitvoering van die Sosiale Akkoord, in ruil vir sekere ondernemings t.o.v. befondsing en gebruik van bestaande en toekomstige jeug-geriewe;

Bar

nifel.

A RA

NOU HIERMEE plaas die partye op rekord hulle bereidwilligheid om saam te werk in voornoemde verband en om 'n ooreenkoms te beding en te beklink op die volgende basis:

1. INTERPRETASIE

In hierdie Memorandum van Ooreenkoms, tensy dit uit die konteks anders blyk, beteken

- 1.1 "die Afgewer": Die Voortrekker Kommando van Franschhoek
- 1.2 "die Ontvanger": Die Stellenbosch Munisipaliteit
- 1.3 "die Eiendom:" Erf 580 Franschhoek, Distrik Paarl, Groot: 1, 28 Hektaar
- 1.4 "die Oordraggewende Prokureurs": Dr Steenkamp & Genote
- 1.5 "die Oordragdatum": Die datum waarop die eiendom geregistreer word in die naam van die koper
- 1.6 "Okkupasiedatum": Die datum van oordrag

2. TERUGVAL

Die Afgewer gee hiermee af aan die Ontvanger, wat van hom in eiendomsreg ontvangs neem van die Eiendom, op die basis van die ooreenkoms hierin gedokumenteer.

3. QUID PRO QUO

- 3.1 Die Afgewer stem toe dat die eiendom terugval op die Ontvanger, op voorwaarde dat die Ontvanger 'n bedrag van R500 000 (vyfhonderd duisend Rand) op datum van oordrag skenk as oprigtingsbedrag aan die Franschhoek Jeugontwikkelingstrust, 'n trust om opgerig te word op koste van die Ontvanger, ooreenkomstig die aangehegte trustakte en met drie trustees, een elk genomineer deur die Ontvanger, die Afgewer en die Nederduits-Gereformeerde Gemeente Franschhoek, met laasgenoemde trustee as voorsittende trustee.
- 3.2 Die Trust sal as primêre doelstelling hê om 'n jeugsentrum in te rig en te bedryf in Franschhoek-Suid, op geskikte grond wat gratis daarvoor beskikbaar gestel sal word deur die Ontvanger. Sodanige geriewe sal onderhewig wees aan dieselfde terugval-voorwaardes as dié tans ingeskryf teen die titel van Erf 580, ten gunste van die Ontvanger. Die grond agter die rolbalbane (gedeelte van erf 23), word vir die doel geïdentifiseer, maar die partye kan wedersyds ooreenkom op enige ander geskikte grond vir die doel.

al R

- 3.3 As tussentydse maatreël, totdat 'n jeugsentrum ingerig is, sal die Afgewer gratis gereelde periodieke gebruik van die munisipale stadshuis en meegaande fasiliteite geniet vir Voortrekkers funksies.
- 3.4 Die Voortrekkers of hulle titelopvolgers sal die reg hê om insette te lewer m.b.t. die konfigurasie, plasing en bedryf van so 'n toekomstige sentrum in Franschhoek-Suid, asook voorkeuraanspraak op gereelde gratis gebruik van geoormerkte geriewe in so 'n sentrum.

4. OORDRAG

- 4.1 Oordrag sal deur die oordraggewende prokureurs gegee en geneem word, gelyklopend met die oordrag van eiendomsreg ten opsigte van die restant van die Bloekombosch.
- 4.2 Alle koste verbonde aan oordrag en konsolidasie van die eiendom, sowel as oprigting van die Trust, sal gedra word deur die Ontvanger, plus sodanige BTW en belastings as wat daarop gehef mag word.

5. BESIT EN RISIKO

Die Afgewer sal besit gee en die risiko in die eiendom sal oorgaan op die Ontvanger op die datum van registrasie van oordrag.

6. VOETSTOOTS

Die Ontvanger ontvang die eiendom voetstoots, onderhewig aan al die titelvoorwaardes daarteen aangeteken. Dit word op rekord geplaas dat die Afgewer geregtig sal wees om alle strukture op die eiendom en ook die omheining daarvan te verwyder en te verkoop, vir eie wins.

7. OPSKORTENDE VOORWAARDE

Hierdie ooreenkoms is onderhewig aan die suksesvolle deurvoer van die oordrag van die restant van die Bloekombosch aan 'n ontwikkelaar. Sou dit nie binne twee jaar na datum van ondertekening hiervan plaasgevind het nie, sal hierdie ooreenkoms geag word *ab initio* nietig te gewees het, en sal geen party enige eis teenoor die ander hê as gevolg daarvan nie.

8. REGSAFDWINGING

8.1 Geen wysiging, kansellasie of toevoeging van of tot hierdie Memorandum van Ooreenkoms sal van enige regskrag wees nie tensy dit op skrif gestel is en deur beide partye onderteken is.

W & DB

8.3 Enige dispuut wat rondom hierdie Ooreenkoms ontstaan sal finaal besleg word in ooreenstemming met die reëls van die Arbitrasie Stigting van Suidelike Afrika, deur 'n enkel-arbiter aangewys deur die Stigting vanuit die geledere van sy Wes-Kaapse paneel.

GETEKEN OP FRANSCHHOEK HIERDIE 3051-DAG VAN 2001

GETUIES:

1.

2. Millens

NAMENS VOORTREKKERS (behoorlik gemagtig)

GETEKEN OP FRANSCHHOEK HIERDIE 30 DAG VAN WOUDINGER 2001 GETUIES:

1.

2. Winde

NAMENS MUNISIPALITEIT (behoorlik gemagtig)

Ooreen.voortrekkers

| ANNEXURE 3 | |
|------------|--|
| | |

Protokol Nr 4313

WYSIGINGSAKTE


HIERMEE WORD BEKEND GEMAAK

Dat op die 19de dag van September 2011, voor my

KEVIN DANIEL

("die Notaris") behoorlik ingesweer en toegelaat, woonagtig en praktiserend te KAAPSTAD, in die Provinsie Wes-Kaap, persoonlik verskyn het

ELMA HAMMAN



sy synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n volmag geteken te KAAPSTAD op 30 Augustus 2011 deur:

ANDRICUS PIETER VAN DER WESTHUIZEN

in sy hoedanigheid as afgevaardigde van die Stellenbosch Munisipaliteit

(hierna "die Oprigter" genoem), en ook agerende as "Trustee", aangestel deur Meesterssertifikaat uitgereik op 24 Desember 2003 deur die Meester van die Hooggeregshof Kaapstad, en ook agerende as Begunstigde in terme van klousule 12 van die Trustakte wat op 19 Junie 2002 geteken is;

asook 'n volmag geteken te KAAPSTAD op 30 Augustus 2011 deur:

GIDEON JOSZUA ROUX

in sy hoedanigheid as afgevaardigde van die Roubaix Voortrekkers Franschhoek Kommando,

(as "Trustee"), aangestel deur Meesterssertifikaat uitgereik op 24 Desember 2003 deur die Meester van die Hooggeregshof Kaapstad;

asook 'n volmag geteken te Kaapstad op 30 Augustus 2011 deur:

ANDRIES HENDRIK MINNAAR

in sy hoedigheid as afgevaardigde van die Nederduits Gereformeerde Gemeente, Franschhoek

(as "Voorsittende Trustee"), aangestel deur Meesterssertifikaat uitgereik op 24 Desember 2003 deur die Meester van die Hooggeregshof Kaapstad.

NADEMAAL:-

(a) Die Franschhoek Jeugontwikkelingstrust geskep is met 'n trustakte gedateer 19 Junie 2002 ("die Trustakte").

DN

NOTARY PUBLIC

3

- (b) Die trustees toegerig is om die Franschhoek Jeugontwikkelingstrust as 'n openbare weldaadsorganisasie te registreer in terme van Artikel 30 van die Wet op Inkomstebelasting Nr 58 van 1962, soos gewysig.
- (c) Die trustees in terme van klousule 9 van die Trustakte geregtig is om by ooreenkoms alle trustaktes te wysig op voorwaarde dat die wysiging in ooreenstemming is met die doeleindes en oogmerke van die Trust.
- (d) Die Oprigter, die Trustees en die Begunstigde vir doeleindes van klousule 12 van die Trustakte, hiermee ooreengekom om die Trustakte te wysig vir doeleindes van registrasie as 'n openbare weldaadsorganisasie en verder om sodanige nodige taalkundige wysigings ten opsigte van die Trustakte aan te bring om duidelikheid daarvan te weeg te bring.

NOU DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN:-

- 1. Die volgende taalkundige wysigings, aangeduie waar moontlik deur die onderstreping daarvan, word gemaak ten einde duidelikheid te weeg te bring:
 - 1.1 die spelling van "Gideon Jozua Roux" soos vervat op bladsy 1 van die Trustakte te wysig om "Gideon Jo<u>s</u>zua Roux" te lees;
 - 1.2 "trustfonds genoem" in die vierde lyn van die tweede paragraaf van die inleiding op bladsy 2 van die Trustakte word gewysig om "Trustfonds" te lees;
 - 1.3 die inleidende paragraaf van klousule 1 van die Trustakte word hiermee gewysig om soos volg te lees:
 - "In hierdie akte, tensy dit uit die samehang anders blyk, het die volgende uitdrukkings die volgende betekenis:"
 - 1.4 klousule 1.2 van die Trustakte word gewysig om soos volg te lees:

""die bates", "die trustbates", "die trust", "die kapitaal", "die trustfonds", "die trustkapitaal" en die <u>"</u>Franschhoek Jeugontwikkelingstrust" omruilbaar en beteken en sluit in:

Jw C

仌

PUBLIC

(_

1.5 klousule 2 van die Trustakte word hiermee gewysig om soos volg te lees:

"Die naam van die Trust is: 'Franschhoek Jeugontwikkelingstrust'."

1.6 die inleidende paragraaf van klousule 6 van die Trustakte word hiermee gewys om soos volg te lees:

"Die raad van trustees het algemene beheer oor die trustbates en moet daarna streef om die doelstellings waarvoor die trust ingestel is, na te kom. Die <u>raad van</u> trustees het alle bevoegdhede wat nodig is om hulle in staat te stel om die trust te administreer, en het, sonder inkorting van hulle algemene bevoegdhede op enige wyse, ook die volgende bevoegdhede:"

1.7 die eerste sin van klousule 10 van die Trustakte word gewysig om soos volg te lees:

"Die oprigter kan te eniger tyd hierna deur skriftelike verklaring die bates van die trustfonds aanvul deur enige sekuriteite of ander bates wat tot tyd en wyl verbonde is aan sodanige verklaring in behoorlike vorm aan <u>die trustees</u> lewer."

Die res van klousule 10 bly onveranderd.

1.8 klousule 14 van die Trustakte word gewysig om soos volg te lees:

"Hierdie akte word uitgelê in terme van die Suid-Afrikaanse reg. Enige geskil tussen die trustees of tussen die partye wat hulle genomineer het en wat op hierdie trust betrekking het, sal ten eerste aan mediasie onderwerp word, gereël deur die Arbitrasiestigting van Suid-Afrika (AFSA). Indien die geskil nie só bygelê word binne 30 dae nie, kan enige party skriftelik versoek dat dit finaal besleg word by wyse van arbitrasie kragtens die reëls van AFSA, deur 'n enkele arbiter aangestel deur AFSA vanuit sy Wes-Kaapse paneel."

2. Die inhoud van die volgende klousules word soos volg gewysig;



OTARY

900 HO

2.1 klousule 7 van die Trustakte word gewysig om soos volg te lees:

"7. Notule en rekeninge

- Die raad van trustees moet notule hou van al sy vergaderings en 'n behoorlike stel rekeningboeke byhou ten opsigte van al sy transaksies, welke rekeningboeke jaarliks nagesien moet word deur 'n boekhouer, aangestel deur die trustees. Sodanige aanstelling mag na goeddunke van die trustees van tyd tot tyd gewysig word. Die boekhouer moet te alle tye toegang hê tot sodanige notules en tot alle kwitansies en rekords en tot die eiendom van die trust.
- 7.2 'n Jaarlikse balan<u>s</u>staat en inkomste- en uitgawestaat moet voorberei en as juis en korrek deur <u>die raad van</u> trustees en die boekhouer gesertifiseer word. Sodanige balansstaat en inkomste- en uitgawestaat moet op die algemene jaarvergadering van die raad ter tafel gelê word en 'n afskrif daarvan moet aan die Meester van die Hooggeregshof voorgelê word.
- 7.3 <u>Die trust se finansiële jaar eindig op die laaste dag van Februarie</u> van elke jaar."
- 2.2 die verwysing na "klousule 2" in die laaste sin van klousule 9 van die Trustakte, word gewysig om "klousule 3" te lees;
- 2.3 klousule 12 van die Trustakte word gewysig om soos volg te lees:

"12. Duur van die trust

Hierdie trust bly van volle krag en effek vir so lank as wat die trustees akkoord gaan dat die doel waarvoor dit geskep is, bereik word. Indien die trustees egter eenparig, na hulle algehele goeddunke besluit dat die doel waarvoor die trust geskep was nie ten volle bereik word nie, het hulle die reg om hierdie trust onmiddellik te beëindig, om sy sake te likwideer en om die balans van die bates van die trust oor te maak aan nie-openbare weldaadsoraanisie(s)

IN

NOTARY PUBLIC

6

doelstellings wat toepaslik en/of soortgelyk is aan die doelstellings van die trust soos uiteengesit in klousule 3 hiervan, en wat andersins in die diskressie van die raad van trustees aangestel sal word."

ALDUS GEDOEN en verlei deur die verskyners voor my, die Notaris, in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies.

AS GETUIES:-

1.

E.

2.

ANDRICUS PIETER VAN DER WESTHUIZEN

namens STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT
Oprigter, Trustee en Begunstigde in
terme van klousule 12

AS GETUIES:-

2.

GIDEON JOSZUA ROUX

namens

ROUBAIX

VOORTREKKERS

EVIN DAN

NOTARY PUBLIC

of Good Ho

FRANSCHHOEK KOMMANDO

Trustee



H:\EleanorevR\Documents\DOCUMENTS\TRUST WYSIGINGSAKTE.doc Last saved by EleanoreVR\19/09/2011 10:04 AM

AS GETUIES:-

2

ANDRIES HENDRIK MINNAAR


namens NEDERDUITS GEREFORMEERDE GEMEENTE, FRANSCHHOEK

Trustee

QUOD ATTESTOR

NOTARIS

NOTARY PUBLIC *





Ons Verw: G Mettler (021-808 8025) Kantoor van die Munisipale Bestuurder

20 Oktober 2022

Mnr A Van der Westhuizen

Per epos:

Geagte Mnr Van der Westhuizen

INSAKE: FRANSCHHOEK JEUGONTWIKKELINGSTRUST

Bostaande aangeleentheid verwys.


Dit het onlangs tot my aandag gekom dat u, in terme van die 2002 Trust Akte van die Franschhoek Jeugontwikkelingstrust, as afgevaardigde van Stellenbosch Munisipaliteit opgetree het as oprigter van die Trust. Ek kon ongelukkig nie die Raadsbesluit opspoor wat hierdie afvaardiging ondersteun of magtig nie.

Kan u my dalk voorsien van 'n datum wanneer die besluit deur die Raad geneem is en of moontlik voorsien van die Raadsbesluit?

U spoedige terugvoering in hierdie verband word waardeer.

Vriendelike groete

GERALDINE METTLER
MUNISIPALE BESTUURDER



1.000



WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

WESTERN CAPE PROVINCIAL PARLIAMENT

IPALAMENTE YEPHONDO LENTSHONA KOLONFILLO (MARIANA)

9 November 2022

Die Munisipale Bestuurder Stellenbosch Munisipaliteit

Via e-pos aan: Municipal.Manager@stellenbosch.gov.za (en andere)

Geagte Me. Mettler

INSAKE: FRANSCHHOEK JEUGONTWIKKELINGSTRUST

Baie dankie vir u skrywe gedateer 20 Oktober 2022.

Die besluit om my destyds te benoem as 'n lid van die Franschhoek Jeugontwikkelingstrust sal 'n formele besluit van die Raad van Stellenbosch Munisipaliteit wees en behoort dus in die notules van raadsvergaderings te verskyn. Ek wil hoop dat die volgende inligting u taak om daardie besluit op te spoor, sal vergemaklik:

Soos wat u aandui, moes die besluit voor 19 Junie 2002 geneem gewees het, aangesien my naam op dokumente met die datum 19 Junie 2002 verskyn. Alhoewel dit moontlik nie die eerste, formele besluit was nie, herinner ek my dat die Raad in die eerste kwartaal van 2001 'n lys van raadslede goedgekeur het wat die Raad destyds op verskeie liggame (Stellenbosch Kollege, Universiteit Stellenbosch, Mont Rochelle Natuurreservaat, ens) sou verteenwoordig. My naam mag moontlik ook op daardie lys verskyn. Indien nie, is die besluit waarskynlik daarna geneem.

Daar het ná September 2002, toe die magsbalans in die Raad verander het, 'n ander raadslid se naam teenoor die Franschhoek Jeugontwikkelingstrust op 'n lys van afgevaardigdes se name verskyn. Ek het egter destyds die amptenare daarop gewys dat die reg om 'n trustee vir die Franschhoek Jeugontwikkelingstrust te benoem, ingevolge die trustakte nie so ver strek dat die Raad 'n trustee goedskiks kan verwyder en te vervang nie. Dit mag ook wees dat die besluit om my as 'n stigterslid te benoem, voor Desember 2000 deur die Franschhoek Raad geneem is. Ek sou egter my soektog eers beperk van Februarie 2001 tot 19 Junie 2002.

Dit spyt my dat ek weens my huidige verantwoordelikhede nie die tyd het om self deur die Raad se ou notules te gaan nie – ek is seker dit sou wonderlike herinneringe wakker maak.

Die uwe


Andricus van der Westhuizen MPP

Mobile:

(Geskryf in my persoonlike hoedanigheid en nie in my hoedanigheid as 'n Lid van die Wetgewer nie)



ANDRICUS VAN DER WESTHUIZEN, MPP email/e-pos:andricus.vanderwesthuizen@wcpp.gov.za Posbus 964, KAAPSTAD 8000 * PO Box 964, CAPE TOWN 8000







24 November 2016

Head: Western Cape Archives and Records Service Private Bag X9025 CAPE TOWN 8000

Attention: Ms J Hogg



STELLENBOSCH MUNICIPALITY: DOCUMENT MANAGEMENT **DESTRUCTION OF EPHEMERAL RECORDS**

FRANSCHHOEK MUNICIPALITY TERMINATED FILE CLASSIFICATION SYSTEM 1990 - 2000

DESTRUCTION APLICATION NUMBER: D5/2017

Standing Disposal Authority PSF3KW issued on the approved File Classification System of the former Franschhoek Municipality, refers.

Approval for the destruction of 20 linear meters of ephemeral records, are required. Please find attached hereto:

Copy of Standing Disposal Authority letter, dated 19.12.2000 (PSF3KW)

List of ephemeral files for destruction

Yours faithfully

FILE NR: SCAN NR: COLLABORATOR NR:

V BOWERS

ACTING DIRECTOR: STRATEGIC AND CORPORATE SERVICES

Reference: 2/7/4/3

Enquiries: M Viljoen (Paper Medium)

Tania Skidmore

X10/1/6/2/14F

Aandag: Mev M Koegelenberg

Die Stadsklerk Munisipaliteit Franschhoek Posbus 18 FRANSCHHOEK 7690 19 DEC 2000

Geagte Meneer

STAANDE BESKIKKINGSMAGTIGING NOMMER PSF3KW: GOEDGEKEURDE LIASSEERSTELSEL VAN MUNISIPALITEIT FRANSCHHOEK

U 2/5/1/1 van 18 Augustus 2000 verwys.

- 1. Staande beskikkingsmagtiging nommer PSF3KW is deur die Nasionale Argivaris uitgereik om oor die bogenoemde goedgekeurde liasseerstelsel te beskik soos op die ingeslote skedule aangedui.
- Die lêers wat op die ingeslote skedule met 'n rooi A20beskikkingsinstruksie gemerk is, kwalifiseer vir permanente bewaring. U moet asseblief 'n skriftelike aansoek om toestemming vir oorplasing by Die Hoof, Wes-Kaap Provinsiale Argief, Privaatsak X9025, Kaapstad, 8000, indien.
- Die lêers wat nie met 'n A20-simbool gemerk is nie, kwalifiseer nie vir oorplasing na 'n argiefbewaarplek nie, en kan ôf vernietig, ôf permanent in u kantoor bewaar word, ôf aan 'n ander instansie geskenk word met die skriftelike toestemming van die Nasionale Argivaris. U moet my asseblief

À.

van die retensietydperke (d.w.s. die tydperk wat u dit wil behou totdat u dit vernietig, bv. D2, D5, D10, ens.), van hierdie lêers voorsien.

- 4. Beskikkingsmagtiging nommer PSF3KW moet asseblief in alle tersaaklike korrespondensie vermeld word, asook op die voorgeskrewe vemietigingsertifikate, sodra lêers ingevolge hierdie magtiging vernietig gaan word.
- 5. Enige wysigings en toevoegings wat u in die toekoms aanbring en wat nie deur bogenoemde magtiging gedek word nie, moet as aparte beskikkingsaansoek ingestuur word.
- 6. Die volgende rekordbeheeraspekte moet asseblief u aandag geniet:
- 6.1 U kantoor moet 'n nuwe opgedateerde Rekordbeheerskedule: Deel A en B opstel, wat u ou Lys van Ander Argiewe: Dele A en B sal vervang. Aparte beskikkingsmagtiging word op hierdie skedule uitgereik.
- 6.2 Daar moet 'n lys van alle afgeslote ander rekords in u besit, opgestel word vir beskikkingsdoeleindes. Sien die <u>Argiefinstruksies</u> vir die korrekte prosedure om te volg en vir 'n voorbeeld van so 'n lys.
- 6.3 Indien u in besit is van enige afgeslote korrespondensielêers wat nog nie beskikkingmagtiging het nie, moet 'n lys daarvan opgestel word. Sien die Argiefinstruksies vir die korrekte prosedure om te volg en vir 'n voorbeeld van so 'n lys.
- 6.4 Enige gebruik van elektroniese rekords (behalwe vir woordverwerking), moet asseblief aan hierdie kantoor gemeld word, aangesien elektroniese rekords ook aan die bepalings van die Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika (Wet 43 van 1996), onderhewig is. Elektroniese rekords sluit die gebruik van e-pos in.
- 6.5 Alle waardevolle (A20) afgeslote korrespondensielêers en ander rekords wat deur die beskikkingsmagtigings PSF1KW en PSF2KW gedek word, moet na die Kaapstad Argiefbewaarplek oorgeplaas word. Sien ook paragraaf 2 hierbo in hierdie verband.
- 7. Indien u enige probleme in hierdie verband ondervind, is u welkom om my te skakel.

8. U volgehoue samewerking word opreg waardeer.

Die uwe

T. SIGDMORE

Wnd HOOF: WES-KAAP PROVINSIALE ARGIEF

A. Salah

¥.

FRANSCHHOEK MUNISIPALITEIT AFGESLOTE REKORDSKLASSIFIKASIESTELSEL 1990 – 2000

EFEMERE REKORDS

| BOKS NO. | LÊER NOMMER | VOL. | BESKRYWING | RETENSIE |
|-------------|----------------|------|--|----------|
| 1 | 1/2/1/2 | 1 | KIESWET | D5 |
| | 1/2/1/3 | 1 | WET OP BESOLDIGING VAN STADSKLERKE | D5 |
| 2 1/2/1/7 | 1/2/1/7 | 1 | TUSSENTYDSE MAATREELS – PLAASLIKE REGERING | D3 |
| | 1/2/1/7 | 2 | TUSSENTYDSE MAATREELS – PLAASLIKE REGERING | D3 |
| 3 | 1/2/1/7 | 3 | TUSSENTYDSE MAATREELS – PLAASLIKE REGERING | D3 |
| | 1/2/1/7 | 4 | TUSSENTYDSE MAATREELS – PLAASLIKE REGERING | D3 |
| 4 | 1/2/1/7 | 5 | TUSSENTYDSE MAATREELS – PLAASLIKE REGERING | D3 |
| | 1/2/1/7 | 6 | TUSSENTYDSE MAATREELS – PLAASLIKE REGERING | D3 |
| 5 | 1/2/1/9 | 1 | ELEKTRISITEIT | D10 |
| | 1/2/1/9 | 2 | ELEKTRISITEIT | D10 |
| 6 | 1/2/1/11 | 1 | WET OP UITBREIDING VAN SEKERHEID VAN BESITREG | D5 |
| 7 | 1/2/1/12 | 1 | WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE | D5 |
| .8 | 1/2/1/18 | 1 | WET 209 VAN 1993 | D7 |
| | 1/2/1/20 | 1 | MUNISIPALE STRUKTURE WET (117/98) | D5 |
| 9 | 1/2/1/20 | 2 | MUNISIPALE STRUKTURE WET (117/98) | D5 |
| | 1/3/1/1 | 1 | PLAASLIKE BESTUUR | D1 |
| 10 | 1/4/1/3 | 1 | VOORLEGGING VIR PREMIERSGOEDKEURING | D3 |
| | 2/1 | 1 | KANTOORORGANISAIE - ROETINENAVRAE | D1 |
| 11 | 2/5/1/1 | | KANTOORORGANISAIE – OPSTEL, WYSIGINGS | D7 |
| | 2/5/1/1 | 2 | REKENAAR & LIASEERSTELSE OPSTEL | D7 |
| 12 | 2/5/2/1 | 1 | VERKRYGING VAN MAGTIGING | D10 |
